LAERSKOOL MIKRO

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

*… waar kind nog kind kan wees …*

13/2023

2 Mei 2023

Geagte Ouers

## 1. UIT DIE KANTOOR

In November 2022 het 'n proses begin om vir ons skool 'n ondersteunersklub te stig. Ons was dankbaar dat heelwat ouers belangstelling getoon het. Sedert die begin van 2023 het die verkose ondersteunersklubkomitee en die beheerliggaam verskeie gesprekke gehad wat hoofsaaklik oor die volgende gehandel het:

- Die doelstellings van die ondersteunersklub
- Ouers se behoeftes
- Die samestelling van 'n grondwet
- Die operasionele werkswyse van die ondersteunersklub
- Ondersteunersdrag

Alhoewel die proses langer duur as wat ons beplan het, is dit belangrik dat alles in plek moet wees vir so 'n klub om tot voordeel van elke kind in die skool suksesvol te funksioneer. Gevolglik is die finalisering van die klub se grondwet in die laaste fase. Sodra dit deur die beheerliggaam goedgekeur is, sal 'n ouervergadering gereël word om die grondwet te laat goedkeur en om die werkswyse van die komitee te finaliseer. Ons sal u betyds laat weet sodra 'n datum vir hierdie vergadering bepaal is.

Om vervoer vir spelers na sportwedstryde te reël, is iets wat ons sportkantoor graag reël, maar ons het alle ouers se hulp nodig. Die huur van groot busse het geweldig duur geraak, so as ons groot busse reël moet ons vooraf seker maak die busse word vir beide die ritte (vanaf die skool en terug na afloop van die wedstryde) benut. Ons verstaan dat ouers nie altyd beskikbaar is om leerders voor wedstryde na ander skole te vervoer nie. Indien spelers nie met groot busse na afloop van wedstryde vervoer hoef te word nie, sal dit heelwat goedkoper wees. Ons versoek dus dat soveel as moontlik van u sal help om spelers na afloop van wedstryde huis toe te neem. Ons is ook dankbaar indien u onder mekaar kan reël om 'n paar maats na wedstryde weer tuis te besorg. In dieselfde asem wil ons vra dat u baie seker sal maak dat u die vervoerbriefie of google-vorm vooraf korrek invul, want daarvolgens reël ons die busvervoer. Baie dankie vir u hulp hiermee.

Daar is twee ouers genomineer om die vakature op die beheerliggaam te vul. Ons sal binnekort hul inligting op die School Communicator (D6) plaas. Op Woensdag, 10 Mei 2023 kan u in die skool se voorportaal kom stem. Ons sal u aan die stemtye herinner.

Baie sterkte aan die Redenaarsleerders wat die komende week aan die aanlynkompetisie deelneem. Die volgende ***7*** leerders neem aanlyn deel: Daniël Muller, Charl Kingsley, Chloé Blommaert, Zoé Boer, Mickey Muller, Mignon Kotzenberg en Leila Bester.

## 2. SPORTPROGRAM: 2 MEI 2023 tot 5 MEI 2023

Hiermee die sportprogram vir die komende week:

| | |
|---|---|
| Woensdag, 3 Mei 2023: | Rugby teen Aristea en Bellville (weg)<br>Netbal teen Bastion (weg) |

| | |
|---|---|
| Donderdag,4 Mei 2023: | Hokkie teen Brackenfell. Seuns (Weg) en Dogters (Tuis) |
| Vrydag, 5 Mei 2023: | Landloop Wedloop 2 |
| Saterdag, 6 Mei 2023: | Bergfiets (weg) |

3. **<u>BOEKEWEEK</u>**

<u>Hiermee 'n vriendelike versoek:</u>
**<u>TABERNA VERSKAFFERS</u>** hanteer weer vanjaar ons boekuitstalling en skenk 'n persentasie van alle boekverkope aan Laerskool Mikro.

**Ons versoek asb. dat u nie boeke d.m.v. die uitgewers se webbladsye sal aankoop nie, maar by Taberna self.**

Hierdie geleentheid word vir u in ons inligtingsentrum vanaf 8 – 11 Mei 2023 tot 15:30 en 12 Mei tot 13:15 geskied. U is welkom om kontant te betaal, maar daar sal ook kaartfasiliteite wees. Die leerders kry die geleentheid om deur die loop van die dag die uitstalling te besoek. Hulle mag met kontant betaal.

Taberna Educational Supplies
4 Kareeboom Avenue
Kuilsriver 7580
Vat Reg no 4600273140

Telephone 021 903 3363 | 084 569 1715
Email taberna@iafrica.com

4. **<u>RACHELLE BEST</u>**

Op Dinsdag, 23 Mei 2023 kom Rachelle Best ons skool besoek. Sy is 'n kenner op die gebied van sosiale media. Sy gaan ons kinders leer om meer paraat te wees as hulle aanlyn gaan. Sy gaan tydens skooltyd met ons leerders gesels. Die aand om 18:30 kom sy met Mikro se ouers gesels. Moenie hierdie geleentheid misloop nie! Hierdie geleentheid word ***GRATIS*** aangebied en beloof om u te bemagtig op 'n gebied waar u kind uitgelewer is aan 'n soms wrede aanlyn-wêreld.

Teken hierdie datum asb. vroegtydig in u dagboek aan. Vir meer navrae, kontak gerus vir Leana Sutherland (Maatskaplike werker) by lsutherland@laerskoolmikro.co.za.

5. **<u>MYSCHOOL "SWIPE CAMPAIGN" APRIL & MEI 2023</u>**

📢 Laat elke MySchool-transaksie tel en help ons WEN! 🤩

20 Skole of organisasies met die grootste groei in aantal **MySchool MyVillage MyPlanet** transaksies tydens April en Mei 2023, wen vanjaar R10 000 kontant! 🥳

Ondersteun **LAERSKOOL MIKRO** en gebruik jou MySchool-kaart met **ELKE** aankoop by Woolworths, Engen Quickshops en loot.co.za 🛍️

Nog nie 'n MySchool MyVillage MyPlanet ondersteuner nie?
🌈 Sluit aan https://www.myschool.co.za/portal/register



🌈 Kry 'n virtuele kaart via die MySchool MyVillage MyPlanet 'App'

Baie dankie aan al ons getroue MySchool-ondersteuners - **SAAM** kan ons WEN! 🥰
**#MakeADifference #MakingADifferencewithMySchool #MySchoolMyVillageMyPlanet #25YearsofimpactwithMySchool #MySchool25years**

Voorspoed vir die week.

**L. Mouton**
**SKOOLHOOF**















# Mei 2023

◄ April | June ►

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1<br>VAKANSIEDAG<br>(WERKERSDAG) | 2<br>TIE Eisteddfod (Begin datum) | 3<br>Rugby : Aristea (w) en<br>Bellville (w)<br>Netbal: Bastion (w)<br>Boekbuddies<br>Oppie Tong af Redenaars (Aanlyn begindatum) | 4<br>Hokkie: Brackenfell<br>Seuns: Weg<br>Dogters: Tuis | 5 Landloop: Wedloop 2<br>Hokkie : Curro Durbanville - o.10 (w) | 6<br>***Ma-en-Dogteroggend***<br>Bergfiets (w) |
| 7 | 8<br>**Netbal: De Kuilen (T)**<br>Leerderraad:<br>Liefdadigheidsprojek<br>Boekeweek | 9<br>Boekeweek | 10<br>Rugby : Goodwood Park (T)<br>Netbal: Bellpark (T)<br>**Tygerberg Eisteddfod (Senoirkoor)**<br>Boekeweek | 11<br>Hokkie: Durbanville<br>Seuns: Tuis<br>Dogters: Weg<br>Boekeweek | 12 Landloop: Wedloop 3<br>Hokkie : Curro Durbanville - o.11 (w)<br>Oppie Tong af Redenaars (Aanlyn einddatum)<br>Boekeweek | 13<br>Worcester-Noord<br>Sportdag (w)<br>Rugby, Netbal, Hokkie |
| 14 Mother's Day | 15 | 16 | 17<br>Rugby : Welgemoed (w) | 18<br>Hokkie: Curro Durbanville<br>Seuns: Weg<br>Dogters: Tuis<br>TIE Eisteddfod (Einddatum)<br>Hemelvaart | 19 Landloop: Wedloop 4<br>Pinkster<br>Hokkie : Curro Durbanville - o.13 (w)<br>***Mikro Gholfdag*** | 20<br>Bergfiets (w)<br>Stellenbosch Eisteddfod |
| 21 | 22<br>Pinkster | 23<br>Pinkster<br>Rachelle Best Sosiale Media | 24<br>Pinkster<br>Netheidskontrole<br>Rugby : Curro Durbanville(T)<br>AMESA (Gr. 4-7) | 25<br>Pinkster | 26 Landloop: Wedloop 5<br>Pinkster | 27 |
| 28 | 29 | 30 | 31<br>Graad 5 Uitstappie (5.1 en 5.2)<br>Gekontroleerde toets (Gr.7) | Notes: | | |

**BLOU- DATUMS HET BYGEKOM**

**ROOI- DATUMS HET VERANDER**

***Datums is onderhewig aan veranderinge/kansellasies.***